Die Doop word vanoggend bedien aan twee verbondskindertjies:
Carmien van Barend en Maria Pretorius en Lindsey van Heinrich en Yolanda de Kock.
Baie welkom aan familie en vriende wat vanmore saam met ons aan die groot oomblik deel en baie geluk aan julle en julle families.

Tema: Vertrou biddend op God se grootheid wanneer die wêreld vir jou te klein word.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 147-1: 1, 3, 4 (Eerste melodie)
Lied 525: 1, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps. 91-1: 1, 6, 8 (Tweede mel)
Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Fokus op die Vierde gebod en HK Sondag 38
Sondebelydenis en vryspraak uit 1 Joh. 1: 8, 9
Sing Lied 203: 1, 3
Gebed

Sakramentbediening
Formulier van die Doop (H Dijkstra)
Sing na die doop: Ps. 105-1: 5 (kleuters gaan na hulle bediening)

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 57
Teks: Ps. 57: 3 en 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 10-2
Seën
Amenlied Sb13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Leef jy ook in jou innerlike lewe in verskillende wêrelde? Dat jy soms so vasgevang word in die wêreld van vrees, onvrede en twyfel dat dit vir jou voel asof dit die enigste werklikheid is. En dan weer wanneer jy op God fokus dan beleef jy meteens ’n ander wêreld van vertroue, geloof, hoop en vrede! In watter een van die twee wêrelde bevind jy jou vanmore?

My vraag sal duideliker word wanneer ons na kyk na waar Dawid in ons psalm is. Dawid is op twee plekke tegelyk. Hy beleef in een moment twee wêrelde. Hy sê in vers 2 dat hy onder God se vlerke is om daar beskerming te soek maar terselfdertyd sê hy in vers 5 dat hy tussen leeus is en in groot gevaar verkeer. Hy is in groot gevaar maar tog is hy veilig.

Hoe het Dawid dit reggekry om die wêreld van vrees, bekommernis en groot uitdagings te versoen met die wêreld van rustigheid, vertroue en effektiwiteit?

Brs en srs, Dawid het dit reggekry omdat God vir Dawid manier gegee het om hierdie twee werklikhede met mekaar te versoen. En die manier wat God gee is gebed. Dawid het met gebed homself oorgegee aan God se grootheid en dit het hom gehelp om sy twee wêrelde met mekaar te versoen. Gebed is die manier waarmee God en sy grootheid in jou wêreld ’n realiteit word.

Ons almal leef in hierdie twee wêrelde: jou persoonlike wêreld van beproewinge, bekommernisse, probleme en uitdagings. Ons as gemeente se wêreld van bedieningsuitdagings en behoeftes, van tekortkominge, van God se groot opdrag en sy plan vir ons as gemeente en ons onvermoë om dit te volvoer. Maar daar is ook die ander wêreld van God se grootheid en Almag, die wêreld van sy troos, genade, liefde, krag, hoop en lewe, oorwinning, uitkoms en vrede.

Nou vra ek weer: waar staan jy vanmore? In watter wêreld leef jy?

Brs en srs, vanweë ons sonde kan ons maklik net in een wêreld vashaak. Ons beleef dikwels net die een realiteit van ons gebroke wêreld en ons eie onvermoë. So dikwels vergeet ons die realiteit van God se Koninkryk wat met mag en krag in ons lewe aangebreek het en wat ’n nuwe wêreld vir ons oopgesluit het. Die Here wil ons vanoggend herinner aan sy plan sodat ons op een oomblik in beide wêrelde te kan leef. Dat ons soos Dawid terselfdertyd onder God se vlerke kan wees en tussen leeus kan staan.

Daarom is die boodskap vanoggend:
Vertrou biddend op God se grootheid wanneer die wêreld vir jou te klein word.
Of anders gestel: gee jouself in gebed oor aan God se grootheid want Hy bring die oorwinning en uitkoms.

Gebed is God se plan om ons op twee plekke te laat lewe. In ’n gebroke wêreld maar terselfdertyd in ’n herstelde wêreld van God se koninkryk.
Miskien sal die kinders die boodskap verstaan as ek dit so sou verduidelik. Julle almal ken die videospeletjies wat julle by die huis speel. Wanneer jy die speletjie op die skerm aktiveer dan betree jy die virtuele wêreld van die rekenaar. Dit is asof jyself

in daardie speletjie is en alles wat die speletjie jou bied self beleef. Maar as jy uit die speletjie uitgaan dan is jy as't ware weer in hierdie rêrige wêreld.

So sê die Here is daar in ons twee wêrelde: die werklike wêreld met al sy gebreke, maar ook God se wêreld van oorwinning en uitkoms. En jy kan in altwee wêrelde gelyk wees. En hoe kry jy dit reg: deur elke dag getrou te bid. Deur gebed word hierdie twee wêrelde met mekaar versoen.

1. Kom ons kyk eers na die rêrige wêreld of werklikheid van beproewing of uitdagings

Dawid was in ŉ grot vasgekeer deur Saul. Dit was sy wêreld van vrees en bekommernis. Saul het hom gehaat en wou hom doodmaak. Hy het hom vir maande lank in die woestyn met sy soldate gejaag. Op ŉ keer toe Dawid in hierdie grot wegkruip kom Saul in die grot om dit as toilet te gebruik. Die gevaar was dat Saul hom daar kon ontdek en dan dood te maak. Dawid het vir sy lewe gevrees.

Brs en srs, dit was ŉ werklike belewenis net soos jy en ek ons werklike belewenisse van bekommernisse, vrese en probleme in ons persoonlike lewe beleef. Ons bekommernisse oor gesondheid, finansies, werksituasies, gesinsprobleme, misdaad en geweld ens. Ons beleef elke dag die leeus van vers 5 om ons.

Net so het ons gemeente ook werklike belewenis van die gebrokenheid van ons gemeentelike lewe: gelowiges wat afvallig word en die Here nie opsoek en dien nie, die wêreld wat vir mense belangriker geword het as God. Die gebrokenheid in bedienings, tekort aan bedieningsgawes. Die groot gemeente en baie geestelike en fisiese behoeftes. En seker die belangrikste van alles: God se opdrag aan ons om sy Woord uit te dra in hierdie wêreld en hoe ons struikelblokke ervaar om dit effektief en getrou te doen.

Nou is die geheim: ons mag nie net na hierdie realiteite kyk nie. Ons mag nie net die leeus raaksien nie. Want dan gaan vrees, bekommernis, sonde en eie onwilligheid ons heeltemal verlam en oneffektief maak. En die duiwel weet dit, daarom wil hy ons vasgevang hou in hierdie wêreld sodat ons in vrees kan leef! Hy laat die leeus al hoe groter lyk en hou ons daarin vasgevang.
Maar ons eie kleingeloof hou ons ook hier vasgevang omdat ons nie altyd glo in die grootheid van God nie!

2. Kom ons kyk daarom tweedens na die ander rêrige wêreld, die werklikheid van God se grootheid.

Ons moet ook die realiteit van God se wêreld raaksien en beleef. Dawid beroep hom juis op God se grootheid. Hy doen dit twee keer in verse 6 en 12. Want die feit dat God Almagtig is, dat Hy oor ons lewens regeer, is die bron vir ons vertroue op Hom. Kyk hoe sien Dawid die Here raak:
Vers 2: Hy sien God soos ŉ arend wat haar kuikens onder haar vlerke beskerm en hy glo dit – dit is nie ŉ videospeletjie nie, dis nie ŉ virtuele wêreld nie – dit is regtig: dit is wat God doen!
Vers 3: God is die Allerhoogste wat sal help – so sien Hy God in sy lewe en hy glo dit. Daarom roep hy die Here aan! Daarom bid hy want hy glo onwrikbaar in hierdie werklike wêreld van God se heerskappy en mag!

Daarom sy vertroue in vers 4: Die Here sal uit die hemel help.
Letterlik staan daar: “God sal uit die hemel stuur….. !!”

Geliefdes, God oorbrug die gaping tussen sy rêrige wêreld en ons harde werklikheid. God het twee keer uit die hemel hulp gestuur:

Eerstens vir Jesus om vir ons sonde te betaal en God se oorwinning in ons stukkende wêreld te bring. Christus het die twee wêrelde oor mekaar gebring. Die nuwe lewe oor die ou lewe. Genade oor verdoemenis en oordeel. Die lewe oor die dood. Oorwinning oor die bose en oorwinning oor ons sondige natuur! Vertroue oor vrees! Kalmte en vrede oor onrus en twyfel! Geloof oor ongeloof!

Christus is die brug tussen God en ons – daarom dat Hy tussen hemel en aarde aan ŉ kruis gehang het! Hy versoen ons gebroke wêreld met God se heerlike wêreld van herstel en oorwinning.
En daarom is Christus die grond van ons gebede! Hy maak gebed moontlik omdat Hy God se wêreld ŉ realiteit kom maak het. Daarom dat Hy kan sê: alles wat julle die Vader in my Naam vra sal hy vir julle gee! Christus en sy versoeningswerk en sy oorwinningswerk maak gebed moontlik en bring hierdie twee wêrelde bymekaar!
Ons sien dit ook uit Jesus se eie lewe. Hoe Hy volhardende gebid het en Homself aan die grootheid van God oorgegee het. Sy dissipels het dit gesien en daarom dat hulle Hom vra: Here, leer ons bid!

Brs en srs, God het nog ŉ tweede keer hulp uit die hemel gestuur! Die Heilige Gees om in ons te woon en sy wêreld in ons ŉ werklikheid te maak. Die Heilige Gees wat ons geestesoë open sodat ons God kan raaksien midde in ons realiteit en dat ons met geloof en vertroue ons aan God se grootheid kan oorgee.

So het God in ons gebroke wêreld getree en ons hier kom red. Net soos vir Dawid en die grot van vrees! Dit is die goedheidsliefde en trou van God waarvan Dawid in vers 4 praat! Dawid ken God se liefde en hy hou daaraan vas. Die woordjie vir “trou” beteken: “soos ŉ ma ŉ baba beskerm en hom nie sal laat seerkry nie.” God se getroue sorg. Dit is die grootheid van God en daaraan moet ons vasgryp wanneer ons tussen die leeus van ons wêreld staan. In Hom moet ons ons vertroue stel!

Dit is die realiteit van God se wêreld, sy koninkryk waar Hy regeer en ons lewens veilig in sy hande hou en dit is net so ŉ realiteit soos hierdie wêreld. Daarvan is Christus en die Gees die getuies.

3. Gebed is God se manier waarmee Hy ons in sy wêreld bring. Tussen die vlerke van God en die leeus waartussen Dawid staan, staan sy gebed! Deur gebed kan ons ons met vertroue oorgee aan God en sy grootheid wanneer ons wêreld vir ons te klein word. Wanneer vrees, kommer, angs en onsekerheid my wil oorweldig!

Gebed is God se plan sodat ons in beide werklikhede kan leef. Die harde realiteit van ons lewe en die werklikheid van God en sy grootheid. Geloofsoorgawe beteken:

God is groot – ek is klein – Hy sal sorg en ek glo dit. En deur te bid gryp ek uit my klein wêreld vas aan die grote God. Gebed is die kontakpunt tussen hierdie twee wêrelde.

En daarom, brs en srs en liewe kinders, ons moet meer bid. Ons moet meer bid in ons persoonlike lewe en as gemeente. Hoe meer ons bid – hoe meer word God se grootheid ŉ werklikheid en kan ons in vertroue leef! Hoe meer ons bid – hoe minder kan die duiwel en hierdie stukkende wêreld ons bedreig!

Ons moet meer spesifiek bid. Dawid sit in die grot en Saul bedreig hom – en daarvoor vra Dawid God se genade. Ons moet bid vir die sake in ons lewe wat ons bedreig. Wat ons persoonlike wêreld bedreig bv. : siekte, werk, gesin, huwelik, landsomstandighede ens.

As gemeente moet ons bid vir bekering, vir Geesvervuldheid van alle lidmate, vir bedieningswerk en middele, vir meer lidmate om hulle gawes te ken en te gebruik en vir gehoorsaamheid aan die groot opdrag, ens.

Almal moet bid. Ons moet meer in die erediens bid. Lidmate by die huis, ouderlinge en diakens in vergadering, kleingroepe, gebedsgroepe, Bybelstudiegroepe. Almal moet vir hierdie spesifieke sake bid en God se uitkoms vra. So sal ons as gemeente ook al hoe meer bewus word van God se grootheid en sal ons ons in vertroue aan hom oorgee.

Ons as ouers moet ons ons kinders leer om te bid. Dit is seker een van die belangrikste aspekte van ons doopbelofte! Van kleins af moet ons hulle toerus met hierdie wapen wat God ons gee om te leer dat ons met gebed tussen die leeus kan staan en tog veilig onder God se vlerke kan wees. Dit is die beste toerusting wat jy as ouer aan jou kind kan gee.

Brs en srs en liewe kinders, kom ons bid en gee onsself oor aan die Almagtige God want gebedsoorgawe bring vir ons oorwinning en uitkoms wanneer ons wêreld te klein word. Dawid sê in vers 8: “ek voel veilig. My hart is versterk” Hy is nog steeds in die werklike gevaar wat hom bedreig, maar Hy gryp in gebed na God se grootheid en daarom voel hy reeds veilig. Dawid bid en God gee vrede. God se grootheid vul sy klein wêreld en Dawid is nie meer bang nie!
Hy beleef nog steeds die beproewing meer alreeds ook die genade van God

Broers en susters; ons moet ook teenoor mekaar getuig van God se wêreld. Dit is wat Dawid in verse 8 – 11 doen. Hy sing en getuig aan alle mense van God se wêreld wat sy wêreld vul en verander. So kan ons mekaar aanspoor tot gebed.

Geliefdes, ons ontvang dus vanmore die wonderlike troos en versekering! God het uit die hemel ingegryp in ons stukkende en gebroke wêreld en wanneer ons bid dan is ons terselfdertyd onder die veilige beskerming van God se vlerke terwyl ons tussen die leeus staan! Wat ŉ wonderlike troos en wat ŉ wonderlike plek om in te wees – gelyk in twee wêrelde!
Bid en gee jouself oor aan God se grootheid as jou wêreld vir jou te klein word.

Amen